
matrieks

lewe uit

pioene

# DIE PLATTELANDER

Jaargang 14 Uitgawe Nr. 656 | Vrydag 01 Desember 2017 | E-pos: plattelander@mweb.co.za | Tel: 027 712 2820 | R6-00





Reginald vereer vir bewaring

PAGE / *BLADSY* 13:

Provinsiale Gemeenskapseenheid van die SAPD wat gemeenskapspoli-

vrou en kinders af te breek nie. Drankmisbruik lei gewoonlik tot vroue-

## SANParke vereer Reginald vir bydrae tot bewaring

N. Lemmetuis

**NOORD-KAAP** – Elke jaar erken SANParke, ondersteun deur Total South Africa en FNB, verdienstelike natuurbewaarders by hul Kudu-toekenningseremonie. Vanjaar se seremonie is op 23 November by die CSIR Konvensiesentrum in Pretoria gehou.

Die Kudu-toekennings is 'n belangrike inisiatief wat eksterne rolspelers vir hul bydraes erken en interne belanghebbendes wat uit hul pad gaan om hul pligte uit te voer en hul pogings om SANParke die voog vir die nasionale parkesisteem in Suid-Afrika te maak, te beloon.

Die toekennings vereer kundigheid in 12 interne kategorieë. Die parke in die Noord-Kaap het toekennings in twee kategorieë en 'n jong persoon in bewaringtoekenning vir 'n eksterne rolspeler opgeraap. Die Noord-Kaap-wenners van die 2017 Kudu-toekennings in die kategorieë is: Beste Prestasie in die werksplek – Katrina Strauss van die Augrabies Nasionale Park en Ike Molosi van die Mokala Nasionale Park. Beste kamp van die jaar is die Grootkolk Wilderniskamp in die Kgalagadi Oorgrenspark. Die jeug in Bewaring is Reginald Christiaan van die Namakwa-streek.

Reginald werk nie vir SANParke nie, maar hy het die gesogte toekenning vir 'n eksterne rolspeler gekry. Hy is baie betrokke by navorsing en het al 'n paar nuwe spinnekopspesies in die streek ontdek. Reginald het 'n passie vir omgewingsopvoedkunde, waarmee hy die park baie bystaan. Priscilla Magerman, die Mense & Bewaringsbeampte by die Namakwa Nasionale Park het sy potensiaal raakgesien en hom vir die toekenning genomineer.